# JOHANNESBURG VERWERP SY EERSTE POLISIEHOOF

*Dr. F.J. Nöthling*

*Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika*

Met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand en die ontstaan van Johannesburg in 1886 het die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) 'n nuwe weg ingeslaan. Deur die snelle nywerheidsontwikkeling het die oorwegend landelike aard begin verdwyn en Johannesburg was spoedig in die brandpunt van die ZAR se betrekkinge met Brittanje.

Die Krugerregering, wat min simpatie gehad het met die nuwe gemeenskap met sy besonder sterk Britse element, sou gaandeweg agterkom dat die norme wat voor 1886 vir die republiek gegeld het nie in Johannesburg van toepassing was nie. Dit was binne 'n jaar duidelik toe 'n polisiehoof aangestel is wat na die owerheid se mening geskik vir die pos was maar Johannesburgers hierdie persoon nie wou aanvaar nie.

## DIE GROEI VAN 'N POLISIEMAG

Die noodsaaklikheid om wet en orde op die Witwatersrandse goudveld te handhaaf, was reeds in 1886 'n rede waarom veldkornet J.P. Meyer — onder wie se jurisdiksie dié gebied geval het — by die regering om hulp aangeklop het. Hy wou naamlik genoegsame polisie hê om die "vrede te bewaar" en het die versoek na alle waarskynlikheid gerig uit vrees dat die berugte wetteloosheid en lae sedelike peil wat op die Barbertonse goudveld geheers het, na die Witwatersrand sou oorwaai en hy dit persoonlik die hoof sou moes bied.[1]

Verdere oproepe om 'n sterk polisiemag het op Meyer se aanvanklike pleidooi gevolg toe Carl von Brandis kort na sy aanstelling as voorlopige mynkommissaris van Johannesburg in Augustus 1886 die regering aangeraai het om van meet af aan streng teen misdaad op die goudveld op te tree. Dit sou verseker dat die staat sy gesag deeglik kon laat geld en verhoed dat die handhawing van wet en orde mettertyd verswak.[2]

Die regering was bewus dat 'n polisiemag uit die staanspoor teenwoordig moes wees. Gevolglik het die Uitvoerende Raad op 31 Augustus 1886 onder andere 'n hoofkonstabel in die persoon van John McIntosh aangestel en ook die aanstelling van agt konstabels gemagtig. Na proklamasie van die goudveld op 8 September 1886 het sake aanvanklik rustig verloop, maar die geweldige bevolkingsaanwas en gepaardgaande toename in kleiner misdade soos dobbelary en onwettige plakkery het laat in dié jaar tot die uitbreiding van die mag met twee berede konstabels gelei.[3] Dit was steeds onvoldoende en die Delwerskomitee, wat in November 1886 ingevolge die Goudwet tot stand gekom het, het in Februarie 1887 versoek dat die regering 'n polisiemag op elke geproklameerde plaas stasioneer. Nog ses blanke en vier gekleurde konstabels onder die bevel van Carl von Brandis, spesiale landdros van Johannesburg, het hierop die mag versterk.[4]

Polisiewerk in die ZAR wat tot met die ontstaan van Johannesburg meer plattelands-georiënteerd was, sou met die ontwikkeling van die Goudstad 'n fundamentele verandering ondergaan. Die invloed en voorbeeld van die ouer goudvelde soos Barberton en Lydenburg was in die verband onvoldoende omdat Johannesburg die toneel geword het waar die stryd tussen Boer en Brit hom fel afgespeel het. Gevolglik moes die polisie hul taak dikwels in so 'n klimaat verrig. Dit het 'n politieke konnotasie aan polisiewerk gegee wat voor 1886 nie bestaan het nie.[5]

## AANSTELLING VAN 'N KOMMANDANT VAN POLISIE

Die organisasie van die Johannesburgse polisie onder spesiale landdros Von Brandis was 'n onpraktiese reëling. Die feit dat sewe man in Julie 1887 aan die Klerksdorpse delwerye afgestaan moes word, het sake ook nie vergemaklik nie. Herhaalde versoeke dat die polisiemag uitgebrei word sowel as die besef dat die Witwatersrandse goudveld permanenter van aard was as wat aanvanklik vermoed is, het die regering op 15 Julie laat besluit om 'n kommandant van polisie aan te stel. Magtiging is ook aan Von Brandis gegee om die mag uit te brei tot 50 man waarvan die helfte berede sou wees. Hulle sou ook diens op die delwerye buite Johannesburg verrig. Op 22 September 1887 is Adriaan Johannes Gysbertus de la Rey van die plaas Vlakfontein in die distrik Krugersdorp



*"Groot Adriaan" de la Rey (1835-1899).*

FOTO: A.J.G. DE LA REY, TARLTON

[1] Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Argief van die Staatsekretaris (SS) 1271, R4277/86: Vergelyk lêeropskrif; M.S. APPELGRYN, *Johannesburg: ontstaan en eerste bestuursreëlings 1886 — 1899* (Pretoria, 1984), p. 34; G.N. VAN DEN BERGH, Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 38, 1975, p. 119.

[2] VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 125.

[3] *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 8.9.1886; APPELGRYN, *op. cit.*, p. 36; VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 126.

[4] VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 126; APPELGRYN, *op. cit.*, pp. 44 en 49.

[5] E.L.P. STALS, *Afrikaners in die Goudstad* (Pretoria, 1978), p. 63; VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 125.

(Blaauwbank) as polisiehoof en vrederegter van Johannesburg aangestel. Hy sou ook bevel voer oor hoofkonstabel John McIntosh, 'n ervare en bekwame polisieman.[6]


De la Rey — wat sy bynaam "Groot Adriaan" te danke gehad het aan sy forse gestalte van twee meter — was 'n neef van die later beroemde generaal J.H. (Koos) de la Rey en het ook 'n belangrike aandeel gehad in die stigting van die Republiek Stellaland in 1883. Die regering was oortuig van "Groot Adriaan" se geskiktheid vir die pos: hy sou nie aarsel om bevele uit te voer nie en dit het hom in die woorde van staatsekretaris Eduard Bok die aangewese persoon gemaak "tot wering en afschrikking" van misdaad. Hy sou in staat wees om "kwaaddoeners" maklik aan te keer.[7] Ook Von Brandis se waarskuwing aan die owerheid in Augustus 1886 dat hy uit sy ondervinding op die Lydenburgse goudveld geleer het dat dit nodig is om "streng en straf de rust te bewaren",[8] het waarskynlik daartoe gelei dat De la Rey as polisiehoof aangestel is. Die regering in Pretoria wou in die lig van Von Brandis se uitspraak én die herhaalde vertoë om die polisiemag te vergroot, dus die toenemende misdaadprobleem in Johannesburg bekamp. Daar moes by die delwers 'n soort vrees vir die polisie geskep word — en hiervoor was "Groot Adriaan", volgens die regering, net die regte persoon.

## VERSET EN GRIEWE TEEN DIE NUWE POLISIEHOOF

Hierdie beskouings oor De la Rey is egter nie deur almal gedeel nie. Terwyl *De Volksstem* die owerheid se keuse van "Groot Adriaan" bevraagteken het, het die Kaapse politikus John X. Merriman die aanstelling as 'n belediging vir die delwersgemeenskap gesien.[9] Johannesburgers self het hul misnoeë te kenne gegee omdat pres. Paul Kruger deur sy goedkeuring kennelik minagting vir hul belange geopenbaar het. 'n Storm van protes het losgebars en die inwoners se dreigement om 'n banket ter viering van die nuwe "dorp" se eerste verjaardag (en wat deur die Staatspresident bygewoon is) te ontwrig, het tot onaangenaamhede gelei. Die aanstelling het spoedig ook 'n politieke kleur gekry toe van die delwers gevoel het dat die hulp van die Britse Hoë Kommissaris teen De la Rey ingeroep moes word.[10]

Die intensiteit van die vlaag verset waaraan selfs Von Brandis deel gehad het, het Kruger in Oktober 1887 laat besluit dat De la Rey "toch geen nut als ambtenaar op die plek doen kan" en sy aanstelling is derhalwe ongedaan gemaak. Te midde van al hierdie bohaai oor hom het "Groot Adriaan" hom na sy aanstelling na Johannesburg begeef om sy opdragte van die spesiale landdros te ontvang. Hy was onbewus van die groeiende protes en antipatie teen sy aanstelling en eers na sy aankoms in Johannesburg en 'n ontmoeting met die invloedryke I.P. Ferreira en Von Brandis het hy besef hoe die wind waai. Tog kon hy nie begryp waarom die twee here hom so sterk aangeraai het om die pos liewer nie te aanvaar nie.[11]

In 'n skrywe aan Kruger en die Uitvoerende Raad het hy verklaar dat hy slegs die Here vrees en buitendien kon steun op meer as 'n honderd "aplecaties ... van knappe en fadsoenlike africaanders" (sic) wat by die polisie wou aansluit. Von Brandis het De la Rey se selfversekerde houding en sy aanspraak van talle aansoeke om polisiewerk in Johannesburg te verrig in twyfel getrek. Hy het nie slegs vir "Groot Adriaan" se lewe gevrees nie maar was ook bekommerd dat 'n noodtoestand kon ontstaan omdat verskeie lede van die mag volgens hom weens De la Rey se aanstelling wou bedank. Sterk stappe moes gedoen word om soiets te voorkom en Von Brandis, gesteun deur die Komitee vir Publieke Waaksaamheid, het De la Rey sy jaarlikse salaris in kontant



*Lede van die Johannesburgse polisie gedurende die republikeinse periode.*
FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

aangebied mits hy natuurlik nie die pos sou aanvaar nie.[12]

Aangesien dié aanbod na 'n geval van omkopery gelyk het, het dit skerp kritiek van *The Cape Argus* ontlok. Hoewel die blad die gevoel teen De la Rey begryp het, het hy die delwers daarop gewys dat hulle ook voor 'n keuse gestaan het, naamlik tussen Britse of republikeinse burgerskap en dat hulle "must elect what status they will occupy." Omdat hulle in daardie stadium nog Britse burgers was, het hulle volgens die koerant geen reg gehad om republikeinse aanstellings te kritiseer nie. *De Volksstem* het hierdie berig van *The Cape Argus* net so oorgeneem en daaraan toegevoeg dat vrywillige "pensioen" uit eie sak nadelige gevolge kon hê. Dit kon byvoorbeeld daartoe lei dat knoeiers pres. Kruger se guns kon soek om hoof van die polisie te word net om vir 'n "pensioen" te kwalifiseer, sou Johannesburg hulle later verwerp.[13]

Dit wil voorkom of Carl von Brandis self 'n hand in die salarisaanbod van die Johannesburgers gehad het. In sy brief van 27 September 1887 aan die staatsekretaris het hy gemeld dat "men" gewillig is om De la Rey te betaal en dat 'n afvaardiging van drie man wat hom (Von Brandis) namens die Johannesburgers gespreek het, hulle met die voorstel vereenselwig het net solank daar van "Groot Adriaan" de la Rey ontslae geraak word. Ook die regering het later met die reëling akkoord gegaan en die uitbetaling gemaak.[14] Von Brandis se dilemma was dat hy aan die een kant vir De la Rey moes ontvang en in sy nuwe pos aanwend maar aan die ander kant kon hy nie die Johannesburgers se gevoelens igno-

[6] STALS, *op. cit.*, p. 63; VAN DEN BERGH, *op. cit.*, pp. 123 en 129; APPELGRYN, *op. cit.*, p. 49; TAB, SS 1471, R6700/86: Vergelyk lêeropskrif; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III* (Kaapstad, 1977), p. 211.

[7] *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 211; VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 129; TAB, SS 1471, R7035/87: Staatsekretaris — Spesiale landdros, 28.9.1887.

[8] VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 125.

[9] *De Volksstem*, 30.9.1887 ("The President at Johannesburg"); P. LEWSEN (red.), *Selections from the correspondence of J. X. Merriman* (Kaapstad, 1960), p. 266.

[10] TAB, SS 1471, R7035/87: De la Rey — Uitvoerende Raad, 26.9.1887; *The Cape Argus*, 28.9.1887.

[11] TAB, SS 1471, R6987/87: (Telegram) Kruger — Staatsekretaris, 1.10.1887, en R7035/87: De la Rey — Uitvoerende Raad, 26.9.1887.

[12] TAB, SS 1471, R7035/87: De la Rey — Uitvoerende Raad, 26.9.1887; *De Volksstem*, 30.9.1887.

[13] *The Cape Argus*, 28 en 30.9.1887 ("The De la Rey appointment"); *De Volksstem*, 17.10.1887.

[14] TAB, SS 1471, R6832/87: Spesiale landdros — Staatsekretaris, 27.9.1887. Volgens R866/88 is die geld ingevolge Uitvoerende Raadsbesluit 69 van 25.1.1888 uitbetaal.


reer nie. Hy het hom persoonlik met die eis teen "Groot Adriaan" vereenselwig omdat hy in sy eie oë genoegsame rede daarvoor gehad het. Hy het beweer dat hy sy hande vol gehad het om opstand en massabyeenkomste te voorkom, dat hy bevrees was dat dit verhoudinge tussen die ZAR en Brittanje weer kon vertroebel en dat 'n "machtige publieke opinie" wat De la Rey vyandiggesind was vooruitgang op die delwerye kon strem. Volgens Von Brandis kon hierdie aanstelling selfs "den nationale verschillen die beginnen hebben te slaapen ... wieder ... wakker maken." Ten einde die ernstige toestand in Johannesburg te voorkom, was enige persoon — selfs een van 'n ander nasionaliteit — dus aanvaarbaarder as "Groot Adriaan"![15]

Dit was egter nie net Von Brandis wat teen die aanstelling van die aangewese polisiehoof kapsie gemaak het nie. Ook die Waaksaamheidskomitee het sy uitgesproke vyandigheid jeens De la Rey te kenne gegee. Onder die twaalf handtekeninge op die petisie aan die Staatspresident verskyn die naam van I.P. Ferreira wat 'n leidende rol in die gemeenskap gespeel het en self vir die aanvanklike handhawing van goeie orde in Ferreiraskamp verantwoordelik was. Soos sy mede-ondertekenaars was Ferreira bang dat De la Rey se teenwoordigheid die rus en vrede in Johannesburg ernstig kon versteur.[16]



*I.P. Ferreira (1840-1921), Johannesburgse pionier.*
FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

Die delwers se wrewel was veral teen De la Rey se persoon en reputasie gerig. Sy beweerde optrede in Stellaland het hom by die delwers in onguns gebring. Nadat die Republiek Stellaland in 1884 onder Britse gesag geplaas is, is 'n klag teen "Groot Adriaan" en G.J. van Niekerk (president van dié klein republiek) ingebring dat hulle in 1883 vir die dood van ene James Honey verantwoordelik was.[17] Die Johannesburgse Komitee vir Publieke Waaksaamheid het pres. Kruger se aandag op hierdie moordklag teen De la Rey gevestig en daarop gewys dat hy geen poging aangewend het om dit te betwis nie. Daar is voorts aangevoer dat De la Rey na 'n skietvoorval in Potchefstroom deur 'n Transvaalse hof as die skuldige uitgewys is en dat hy tronkstraf daarvoor uitgedien het. Dit sou dus dwaas wees om 'n persoon met 'n kriminele rekord as polisiehoof van die Goudstad aan te stel. Afgesien



*'n Vroeë panorama van Johannesburg omstreeks die tyd toe Adriaan de la Rey as eerste polisiehoof aangestel is.*
FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

van hierdie aantygings teen De la Rey, het die Waaksaamheidskomitee ook beswaar gehad teen sy ontembare en opvlieënde geaardheid — iets wat hom totaal ongeskik vir die pos van polisiekommandant gemaak het.[18]

De la Rey wat self gaandeweg pynlik bewus van die gevoel teen hom geword het, is ook deur die aanbod van Von Brandis-hulle tot ander insigte gebring. Hy het die saak in die regering se hande gelaat en na sy plaas Vlakfontein teruggekeer. Op 5 Oktober 1887, vier dae nadat die Staatspresident die aanstelling teruggetrek het, het "Groot Adriaan" uit die amp "bedank."[19]

## BESLUIT

Ofskoon al die klagtes en beweringe oor De la Rey se doen en late nie sonder meer aanvaar of bewys kan word nie, bly dit onbetwisbaar so dat hy 'n omstrede figuur was. Sy Stellaland-verbintenis het aan hom 'n reputasie besorg wat hom na Johannesburg vooruitgeloop het. Daar is dit feitlik tot 'n massa-histerie in die oorwegend Engelssprekende gemeenskap aangeblaas. Ook sekere persoonlikheidseienskappe soos sy kortgebakerdheid, weifelagtigheid en 'n mate van naïwiteit het "Groot Adriaan" se aanstelling as polisie-offisier ongewens gemaak. Sy "bedanking," nadat die owerheid besluit het om sy aanstelling ongedaan te maak, getuig van die demokratiese reg wat Johannesburgers uitgeoefen het deur De la Rey te verwerp — iets wat nie net tot voordeel van die Goudstad gestrek het nie maar ook tot dié van die ZAR as geheel. C

[15] TAB, SS 1471, R6832/87: Spesiale landdros — Staatsekretaris, 27.9.1887.

[16] TAB, SS 1471, R7037/87: Komitee vir Publieke Waaksaamheid — Staatspresident, 29.9.1887; APPELGRYN, *op. cit.*, p. 16.

[17] *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 210.

[18] TAB, SS 1471, R7037/87: Komitee vir Publieke Waaksaamheid — Staatspresident, 29.9.1887; W.J. DE KOCK, Ekstraterritoriale vraagstukke van die Kaapse regering (1872-1885) met besondere verwysing na die Transgariep en Betsjoeanaland, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 11(1), 1948, pp. 199 en 235-236.

[19] TAB, SS 1471, R6832/87: Spesiale landdros — Staatsekretaris, 27.9.1887, en R7033/87: De la Rey — President en Uitvoerende Raad, 5.10.1887. Kyk ook *The Cape Argus*, 12.10.1887 ("Mail matter").